

Geskiedenis, grondstudies en grondeisenavorsing – ’n oop gesprek

History, land studies and land claims research – an open debate

ES VAN EEDEN

Skool vir Basiese Wetenskappe, Noordwes-Universiteit,
(Vaaldriehoek Kampus) Vanderbijlpark
Elize.vanEeden@nwu.ac.za



Elize van Eeden

ELIZE SONJA VAN EEDEN (née Fouché en teenswoordig getroud met Wynand Meiring) is tans Professor in Geskiedenis by die Skool van Basiese Wetenskappe op die Vaaldriehoek-kampus. Elize het haar professionele loopbaan in 1982 as onderwyser in Geskiedenis begin. Sy verwerf die graad BA(Ed) aan die huidige Universiteit Johannesburg, en daarna agtereenvolgens Honneurs (te UNISA) en MA (met lof) sowel as PhD aan die huidige Noordwes-Universiteit met as belangrikste fokus streeksgeskiedenis. Vanaf 1985 het Elize wyd gepubliseer, waaronder talle artikels in geakkrediteerde akademiese tydskrifte en boeke. Onder haar bydraes as hoof- en/of as mede-outeur/hoofstukredakteur tel die geskiedenis van Bothaville, Carletonville, Clover SA, Buisfontein, die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, die geskiedenis van SENWES, *Small town geographies in Africa*; en *Pioneering the MBA in South Africa* asook die *Omgewingsgeskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Elize het meer as 60 referate gelewer by nasionale en internasionale konferensies. Sy is tans betrokke by streeksgerigte projekte, wat daarop gerig is om geïntegreerde multidissiplinêre navorsing te bevorder. Elize is die leier van die navorsingsgroep *Public Affairs Research for Service Delivery* (PARSED) aan die Vaaldriehoek-kampus en vakvoorsitter van Geskiedenis sowel as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geskiedenisonderrig. Sy is redakteur van die geakkrediteerde wetenskaplike tydskrifte *Yesterday & Today* en *New Contree* en lid van etlike ander nasionale en internasionale geskiedenisverwante verenigings. Elize dien ook op ’n aantal redaksionele komitees en die bestuur van die Internasionale Vereniging vir Geskiedenisdidaktiek.

ELIZE SONJA VAN EEDEN (née Fouché and presently married to Wynand Meiring) is currently Professor of History at the School of Basic Sciences at the Vaal Triangle Campus. Elize started her professional career in 1982 as a teacher in history. She obtained a BA(Ed) degree at the current University of Johannesburg, followed by an Honours (UNISA), an MA (with distinction) and a PhD from the current Northwest University, with regional history as main focus. From 1985 Elize has published extensively, including numerous articles in accredited academic journals and books. Among her contributions as chief and / co-author/ chapter editor are included the histories of Bothaville, Carletonville, Clover SA, Buisfontein, The Potchefstroom University for Christian Higher Education, the history of SENWES, *Small town Geographies in Africa*; *Pioneering the MBA in South Africa* as well Environmental History as recently published in an Afrikaans publication on South Africa’s History. Elize has read over 60 papers at national and international conferences. She is currently involved in regional oriented projects aimed at promoting integrated multi-disciplinary research. Elize is also the leader of the research group Public Affairs Research for Service Delivery (PARSED) Vaal Triangle Campus and subject head of history as well as the Chairperson of the South African Society for History Teaching. She is editor of the accredited scientific journals *Yesterday & Today* and *New Contree* and member of several other national and international history related associations. Elize serves on numerous editorial boards, as well as the executive of the International Society for History Didactics.

ABSTRACT***History, land studies and land claims research – an open debate***

In the history of South Africa, with prospects of a democratic system that would meet all the expectations of the people of the country, the year 1994 also required mind shifts with regard to land reform. As a discipline, History broke its long silence. Past studies on land reform and land claims are visible, but for years, historians have not necessarily contributed to research on the topic. Government, as part of its promise to voters and within the limits of democracy, started investigating the status of land distribution countrywide.

Shortly after 1994, processes commenced to provide communities and individuals the opportunity, until the end of 1998, to submit motivations as to why a certain area(s)/region(s) belong to them. This article's open discussion is not intended to cover all the events and processes of the past almost 20 years conscientiously. Rather, the intention is to put in writing what the role of History as a discipline can or should be in ultimate decisions on claims in respect of land. However, extensive research on this is still required.

In this paper, then, the use of history within the discipline of History in the managing of land claims in South Africa is the core issue. History, as a discipline that can provide multiple sources of a diverse nature, will be discussed briefly with the unsettled land claim on the farm Deelkraal IQ142 as an example. A summary will direct the reader towards the value of History in land claims research, but it should not necessarily be deemed as the final decision about land claims. Therefore, it appears that perceptions of the past (sometimes interwoven with power and conflict), may have a tendency to overshadow any possibility of truth or reality. This in itself creates facets of power and politics that simply repeat similar previous cycles.

KEY CONCEPTS: History, land studies, land reform, land history, land claims, Deelkraal IQ 142, land research, regional studies, history and land claims, history methodology, historiography

TREFWOORDE: Geskiedenis, grondstudies, grondhervorming, grondgeskiedenis, grondeise, Deelkraal IQ 142, grondnavorsing, streekstudies, Geskiedenis en grondeise, Geskiedenismetodologie, historiografie

OPSOMMING

Hierdie oop gesprek oor die hantering en verstaan van grondeise in die grondhervormings-geskiedenis van Suid-Afrika het nie ten doel om al hierdie gebeure en prosesse van die afgelope byna 20 jaar nougeset neer te pen nie. Teen die kontekstuele agtergrond daarvan word wel besin oor die mate waartoe Geskiedenis as 'n dissipline betekenisvol kan wees of behoort te wees in die uiteindelijke besluitneming oor eise ten opsigte van grond. Omvattende navorsing hieroor is egter nog nodig. In hierdie bespreking is die benutting van die geskiedenis binne die dissipline Geskiedenis in die onderneming van grondeisnavorsing die kernsaak. Geskiedenis as 'n bewysmateriaalverskaffer met vele perspektiewe word toegelig deur kortliks na die onafgehandelde grondeis op die plaas Deelkraal IQ142 as 'n voorbeeld te verwys. Opsommenderwys sal ook aangetoon word dat die waarde van Geskiedenis in grondeisnavorsing nie noodwendig in finale besluitnemings oor grondeise geag word nie. Dit wil dus voorkom asof persepsies oor die verlede (soms verweef in mag en konflik), 'n geneigdheid kan hê om enige moontlikheid van waarheid of realiteit te oorskadu. Op sigself dui dit weer op fasette van mag en politiek, wat vorige soortgelyke siklusse bloot herhaal.

1. INLEIDING

In die geskiedenis van Suid-Afrika, met vooruitsigte op 'n demokratiese bestel wat aan al die verwagtinge van die land se mense voldoen,¹ het die jaar 1994 ook kopskuiwe ten opsigte van grondbesit geveg. Tot op daardie stadium was grondverdeling in die land nie noodwendig altyd eerbaar, eties en histories geregverdig nie.² Mag en politiek, wat aanvanklik nie noodwendig rassisties gemotiveerd was nie, maar wat ook diepliggende elemente van 'n koloniale bestuurstyl gehad het, het uiteindelik 'n enorme impak op grondverdelingspatrone gehad.³ 'n Lang stilte⁴ (en dalk stilswye)⁵ in die studie oor grond en Geskiedenis as 'n dissipline is verbreek.⁶ Daarmee saam het die regering, as deel van sy kiesersbelofte en binne die grense van demokrasie as 'n regeeringsvorm, die status van grondverdeling landwyd begin ondersoek. Prosesse is kort na 1994 begin om gemeenskappe en individue tot einde 1998 die geleentheid te gee om motiverings aan te bied oor waarom 'n deel/dele van 'n streek/area in 'n provinsie hulle sou toekom.⁷ Die oop gesprek in hierdie artikel het nie ten doel om al die gebeure en sommige reeds opgetekende prosesse van die afgelope byna 20 jaar nougeset neer te pen nie, maar wel om teen 'n kontekstuele agtergrond daarvan te besin oor die mate waartoe Geskiedenis as dissipline van betekenis kan wees of behoort te wees in die uiteindelijke besluitneming oor eise ten opsigte van grond. So 'n gesprek behoort noodwendig 'n oorsigtelike konteks aangaande die afgelope jare se navorsing en debat oor die land se grondgeskiedenis in te sluit, ook binne die ruimtes van grondeise (wat nie noodwendig net deur historici onderneem is of onderneem word nie). Omvattende navorsing hieroor is egter nog nodig. Benewens die onlangse studie van Changuion en Steenkamp (wat volgens hierdie skrywers eintlik op die algemene leser afgestem is en nie 'n diepliggende historiese studie oor Suid-Afrika se grondgeskiedenis veronderstel nie),⁸ is 'n leemte van sodanige studies

¹ Japie Brits, "Suid-Afrika ná apartheid, 1994–2004", Frans-Johan Pretorius (Red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika – van voortye tot vandag*, Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 2012, pp. 549-550.

² Vergelyk die omvattende historiese studie oor grond deur Louis Changuion & Bertus Steenkamp, *Omstrede land. Die historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse grondvraagstuk, 1652–2011*, Pretoria, Protea Boekhuis, 2011.

³ Johann Rossouw, "South Africa not yet post-colonial", *SAHO*, 13 August 2008; Maano F Ramutsindela, "Down the post-colonial road: reconstructing the post-apartheid state in South Africa", *Political Geography*, 20 (1), 2001, pp. 57-84; L. Changuion & B. Steenkamp, *Omstrede land....*, pp. 74-85.

⁴ Vergelyk byvoorbeeld met heelwat multidisziplinêr-gedrewe publikasies oor grondtransformasiegeskiedenis wat wel al verskyn het, byvoorbeeld Cheryl Walker, Anna Bohlin & Ruth Hall (eds), *Land, memory, reconstruction, and justice: Perspectives on land*, Ohio, Ohio University Press, 2010, p. 335; Deborah James, *Gaining ground? 'Rights' and 'Property' in South African land reform, USA & Canada*, Routledge, 2007; Johan van Zyl, Johann Kirsten & Hans P Binswanger, *Agricultural land reform in South Africa: policies, markets and mechanisms*, UK, Oxford University Press, 1996, p. 621; Laurine Platzky & Cheryl Walker, *The surplus people: Forced removals in South Africa*, Johannesburg, 1985, p. 30.

⁵ Die stilswye verwys spesifiek na die gebrek aan gekonsolideerde histories-gedrewe navorsing oor Suid-Afrika se grondgeskiedenis. Vergelyk Changuion & Steenkamp, *Omstrede land....*; J.A. du Pisani, Grond en transformasie: Historiese konteks en oorsig van die proses van grondhervorming, 1994–2010, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(2), Junie 2011, pp. 178-201.

⁶ Die bydraes van historici in die grondgeskiedenis van Suid-Afrika (hervorming en grondeise) behoort nog in 'n groter publikasie verwerk te word.

⁷ H. Bernstein, "Social change in the South African countryside? Land and production, poverty and power", *Journal of Peasant Studies*, 2008, pp. 1-32; Republic of South Africa, Department of Land Affairs, Annual Report, 1 April 2003 – 31 March 2004, pp. 18-19; Samasuwo, "Gentrification", 1, University of the Western Cape, School of Government, Programme for Land and Agrarian Studies, Submission Report to Portfolio Committee, 13 October 2004, pp. 1-7.

⁸ Changuion & Steenkamp, *Omstrede land....*, voorwoord.

en streeksgerigte studies oor grond⁹ en die gebrek aan konsolidering van 'n verskeidenheid navorsingsbydraes vir groter begrip, nie net histories nie, maar ook historiografies.

In hierdie artikel is die benutting van die geskiedenis binne Geskiedenis as 'n dissipline, byvoorbeeld in die hantering van grondeise in Suid-Afrika, die kernsaak. Geskiedenis as 'n bewysmateriaalverskaffer met vele perspektiewe word toegelig deur kortliks na die onafgehandelde grondeis op die plaas Deelkraal IQ142 as 'n voorbeeld te verwys.¹⁰ Opsommenderwys sal ook aangetoon word hoe die waarde van Geskiedenis in grondeisnavorsing nie noodwendig in finale besluitnemings oor grondeise genoegsaam geag word nie.¹¹ Dit wil dus voorkom asof persepsies oor die verlede (wat soms in mag en konflik verweef is), 'n geneigdheid kan hê om enige moontlikheid van waarheid of realiteit te oorskadu.¹² Op sigself dui dit weer op fasette van mag en politiek, wat vorige soortgelyke siklusse bloot sou kon herhaal.¹³

2. GRONDEISE IN SUID-AFRIKA NÁ 1994

Grondbesit en -hervorming in Suid-Afrika ná 1994 het as 'n uitdaging begin en kan, ná byna 20 jaar van demokrasie, steeds as kompleks beskou word.¹⁴ Die nuut saamgestelde Grondwet van 1996 het verder die regsraamwerk vir grondhervorming uiteengesit.¹⁵ Die Witskrif oor Suid-Afrikaanse Grondbeleid is in April 1997 aanvaar, waarna gemeenskappe en individue genooi is om hul eise ten opsigte van grond voor of teen 31 Desember 1998 in te dien. 'n Totaal van 63 455 eise is teen die sperdatum ingedien.¹⁶ Teen Maart 2004 is 'n totaal van 48 825 eise afgehandel, in teenstelling met die 36 488 in 2003 ('n toename van 33 persent). Dit het die oordrag van meer as 810 292 hektaar grond teen 'n koste van R317 993 473 behels.¹⁷ In Julie 2005 is aangekondig dat 3.1 miljoen hektaar aan meer as 1.2 miljoen individue via herverdeling- en besithervormingspro-

⁹ Voorbeelde is onder meer J. Carruthers, "Urban Land Claims in South Africa: The Case of Lady Selborne", *Kleio*, 32, 2000, pp. 13-41; Susan J. Bester & E.S. van Eeden, "Grondregte in die proses van dorpsontwikkeling vir swartes in die Schweizer-Reneke gebied tot 1962", *Historia*, 44(2), November 1999; Elize S. van Eeden, "Land Reform in South Africa: Questions and politics with regard to land claims as officially proposed: A case study of the farm Deelkraal IQ142, North West Province", *South African Historical Journal*, 57, May 2007, pp. 179-200.

¹⁰ E.S. van Eeden, "Land Reform in South Africa...", *South African Historical Journal*, 57, May 2007.

¹¹ Deelkraal wat oorsigtelik as gevallestudie in hierdie artikel bespreek word, is 'n tipiese voorbeeld. So ook wys Changuion en Steenkamp voorbeelde uit in *Omstrede land...*, p. 308.

¹² Vergelyk Anne Bernstein (Series Editor), "Land Reform in South Africa. A 21st century perspective", *Centre for Development and Enterprise, CDE Research, Policy in the Making*, 14 June 2005, p. 5.

¹³ Changuion & Steenkamp, *Omstrede land...*, pp. 301, 309.

¹⁴ Vergelyk H. Duvenhage, "Min is begroot vir dié kwessies rakende grond", *Sake-Rapport*, 19 Februarie 2006, p. 13; B. de Villiers, "Land Reform: Issues and challenges", *Occasional Papers*, Johannesburg, April 2003, 45; Department of Land Affairs, Draft 3, "Framework on Sustainability Support", ca 2005, pp. 1-8; South African Government Information, T. Didiza on Agriculture and Land Affairs Dept. Budget vote, 2005–2006, pp. 1-10. Beskikbaar by <http://www.info.gov.za/speeches/2005/05040809151>. Geraadpleeg op 7 April 2012; N.W. Samasuwo, "Gentrification, foreign land-ownership and market-led land reforms in South Africa", *Global Insight*, 38, 2004, p. 1; Changuion & Steenkamp, *Omstrede land...*, p. 309.

¹⁵ Vergelyk A. Bernstein, "Social change?", pp. 48-49; H.J. van der Elst, "A Management Model for Achieving Post-Settlement Land Reform Objectives in South Africa", PhD thesis, North-West University, 2006, p. 36.

¹⁶ Bernstein, "Social change?", p. 52; Jakobus A. du Pisani, *Grond en transformasie...*, pp. 178-201.

¹⁷ Kyk Republic of South Africa, Department of Land Affairs, Annual Report, 1 April 2003 – 31 March 2004, pp. 18-19; Samasuwo, "Gentrification", p. 1; University of the Western Cape, School of Government, Programme for Land and Agrarian , 27-31 July 2005, p. 22.

gramme oorhandig is. Die regering het volhardend gewerk om toe te sien dat 'n program van regverdige en onpartydige herverdeling van grond verseker word. As teiken is 'n verdeling van 30 persent van eersteklas-landbougrond aan swart opkomende boere teen 2014 in die vooruitsig gestel.¹⁸ As op statistiek gereken kan word, was die syfers teen Julie 2010 baie naby aan hierdie teiken. Sowat 28 persent van die land se grond was toe in swart besit, en 36 persent in blanke besit (en die oorblywende meerderheid in staatbesit met 'n kleiner persentasie verdeling in ander se beheer).¹⁹ Die grondeiseproses was egter nog onafgehandel. In welke mate historici die metodiek van die Geskiedeniswetenskap kan inspan om onder meer 'n bydrae tot grondeisenavorsing te maak, kan 'n insiggewende oefening raak as 'n voorbeeld uit die werklikheid die metodologiese “meetinstrumente” van die historikus as't ware uitdaag.

3. GESKIEDENIS AS DISSCIPLINE EN GRONDEISENAVORSING

3.1 Die geskiedenismetodiek en grondnavorsing – 'n indruk uit die literatuur

Die bydrae van Suid-Afrikaanse historici tot op hede in die navorsing oor die proses van grondhervorming en grondbesit in Suid-Afrika is beperk, te oordeel aan die publikasies wat bestaan.²⁰ Wanneer die navorsing egter uitgebrei word om vir die internasionale gemeenskap voorsiening te maak, is wetenskaplike verwysings na regs-geskiedkundiges en ekonomiese geskiedkundiges wat in studies oor grondbesitprosesse betrokke is, algemeen. Die joernalis Timothy Burke, in sy verwoording van 'n siening wat oënskynlik poog om die rol van die Geskiedenis in hierdie verband te beperk, het opgemerk:²¹

History can only be a guide in postcolonial land reform in African societies if the aim is to obliterate the entire substance of the past 150 years. There is no sensible way to go just so far towards a restorative program of land reform and no further. If the aim instead is social justice and the maximization of the public welfare of a modern society, the path to land reform leads only forward, never backward.

Nie alle historici sal met Burke saamstem nie. Metodologies mag die mening wees dat die vakwetenskap vereis dat die verlede so verteenwoordigend as moontlik in enige navorsingstema gereflekteer moet word. So 'n weergawe behoort minstens insigte van historiese kennis te verleen aan die hede om sodoende aanvullend tot besluite vir die toekoms te wees. Burke se opmerkings beklemtoon wel die kompleksiteit van 'n terugskouende weergawe wat noodwendig beïnvloed word deur die impak van kolonisasie en blanke nedersetting. Sy opmerkings sou moontlik 'n riglyn kon wees van hoe historici die doelwitte van grondhervorming vanuit 'n kontemporêre regeringsperspektief, of dalk met 'n futuristiese sentiment rakende die noodsaaklikheid van hervorming en versoening, behoort te verstaan. Dit is egter so dat hierdie perspektiewe navorsingseise is wat die stem van historici kan bemoeilik omdat historici gewoonlik 'n baie duidelike historiese metodologie wil volg en 'n sobere terugskouing wil gee, ook ter wille van 'n

¹⁸ Republic of South Africa, Department of Land Affairs and Department of Agriculture, Land Summit, “Delivery of Land and Agrarian Reform”, 27-31 July 2005, p. 22.

¹⁹ Changuion & Steenkamp, *Omstrede land...*, p. 301; J.A. du Pisani, *Grond en transformasie...*, pp. 178-201.

²⁰ Kyk inleiding.

²¹ T. Burke, “Postcolonial land reform”, History News Network, 27 August 2004. Beskikbaar by www.google.co.za. Geraadpleeg op 24 April 2006.

spesifieke geskiedenis op sigself. Nader aan die Suid-Afrikaanse bodem, en meer spesifiek met betrekking tot grondhervorming, ondersteun Peter Delius en Stefan Schirmer die rol van historici in debatte oor grond:²²

The state has to develop a balanced policy framework in which land reform can enhance both welfare and rural development... a greater awareness and use of historical findings are essential for the construction of more effective policy frameworks... greater attention to historical research may help navigate more secure passages into the future.

Vanuit 'n ander hoek beskou, lig C. Huggins en J. Pottier sake uit soos die feilbaarheid van die menslike geheue en die bevoorregting van sekere herinneringe bo ander in hul argument oor die belangrikheid van die vestiging van betroubare geskiedkundige bewysmateriaal in konflikte oor grondbesit:²³

Reconciliation carries a strong research challenge: not only do we need to be clear about who has lost what, and who has gained, but on what basis the initial entitlement was made. For example, if we take the boundaries of ancestral land: such boundaries often exist only in people's memories, and some people are better "qualified" to remember than others.

Die waarde van 'n historiese metodologie, byvoorbeeld met betrekking tot grondeisenavorsing, mag soms onderskat word. Aandag moet geskenk word aan hoe geskiedkundige bewysmateriaal bekom en geëvalueer word. Soos Huggins en Pottier aanvoer, kan die betroubaarheid van mondelinge bewysmateriaal, soos enige geskiedkundige bewysmateriaal, betwis word indien dit as die enigste vorm van bewysmateriaal benut word. Sou dit die geval wees, kan mondelinge getuienisse of tradisies ook nie maklik beoordeel word nie. In die proses van die soeke na en beoordeling van bewysmateriaal ontstaan sekere vroeë dikwels. Watter bewysmateriaal geniet voorrang? Wat tel as bewysmateriaal? Hoeveel bewysmateriaal is nodig, en wat is die aard van die bewysmateriaal wat geskiedkundiges as diepliggend en/of voldoende genoeg mag ag om 'n grondeis na behore te ontleed?

In die algemeen word aanvaar dat historici bewysmateriaal moet insluit wat 'n veelperspektiwiese verkenning ondersteun. Bewysmateriaal sou dus byvoorbeeld verkry en krities geanaliseer kon word, komende vanaf byvoorbeeld belanghebbendes soos meningvormers, grondeienaars, eisers/oudbewoners en wetenskaplike deskundiges. Hulle moet ook die geldigheid van bewysmateriaal wat uit 'n wye verskeidenheid bronne versamel is, vasstel op grond van interne en eksterne kritiek oor bronne. Hierdie benadering is spesifiek eie aan die navorsingsmetodologie van Geskiedenis. Onder die verskeidenheid van bronne vir grondeisenavorsing kan tel die historiese, geografiese en argeologiese geskiedenis van die streek, waarby titelaktes, staatsaankondigings en wetgewing op grond sowel as sensusgegevens van streke en kaarte ingesluit is.²⁴

²² Peter Delius & Stefan Schirmer, "Historical research and policy making in South Africa", *African Studies*, 59(1), 2000, pp. 1-11.

²³ Chris Huggins & Johan Pottier, "Land tenure, land reform and conflict in Sub-Saharan Africa: Towards a research agenda". Beskikbaar by www.google.co.za. Geraadpleeg op 24 April 2006, p. 385.

²⁴ Vergelyk die metodologie van geskiedenis in byvoorbeeld Peter Lambert & Phillip Schofield, *Making history. An introduction to the history and practises of a discipline*, London & New York, Routledge, 2004, pp. 26-37.

Historici gee tipies voorkeur aan bewysmateriaal wat bevestig of aangevul kan word deur 'n aantal beskikbare bronne wat oor 'n spesifieke kwessie handel. Bewysmateriaal kan strek vanaf die uitvoerig nagevorsde en gedokumenteerde bronne, wat gewoonlik as primêr of sekondêr geklassifiseer word, tot 'n eenvoudige brosjure of artefak of die graving op 'n grafsteen.

Aangesien dit dikwels moeilik kan wees om geskiedkundige bewysmateriaal vir periodes waarin mense ongeletterd of gedeeltelik geletterd was, te vind, kan en moet historici die bydraes wat gemaak is deur ander dissiplines wat op ander temas op streek- en nasionale vlak werk, nie ignoreer nie. Voorts moet ook in gedagte gehou word dat die samestelling van die verlede in vorige eras deur tydgebonde heersende ideologieë en agendas beïnvloed is.²⁵ Dit is moontlik dat hierdie onvermydelike “hindernisse” die uitkoms van weergawes en interpretasies aangaande grondbesit kon beïnvloed. So egter is mondelinge herinneringe as geskrewe en/of opgeneemde weergawes geensins vry van die vooroordeel en stereotipes wat selfs dokumentêre geskiedenis beïnvloed nie. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is die grondeis wat op 'n gedeelte van die plaas Deelkraal IQ 142 bestel is en tot op datum onafgehandel is.

3.2 Hindernisse in die Geskiedenis en “grondeise-huwelik” – die plaas Deelkraal IQ 142 as voorbeeld

Die plaas Deelkraal IQ 142 is ongeveer 150 kilometer noordwes van Johannesburg geleë en beslaan sowat 4.5 miljoen hektaar. Voorheen was dit ook bekend as Deelkraal IQ 63; 487 en IQ 241. Ná blanke plaasbesetting in die negentiende eeu is Deelkraal uiteindelik in 56 gedeeltes verdeel. Deelkraal het 'n ryke geskiedenis van mense wat hulself op een of ander stadium, tydelik of permanent, daar gevestig het of as oorwinnaars of vlugtelingen deur die gebied beweeg het.²⁶ Goudmynbou in die Deelkraalgebied het in die 1930's begin, en vervolgens is gedeeltes van plase aan mynmaatskappye verkoop. Deelkraal was een van baie plase in die sogenaamde Wes-Wits-lyn (goue boog) waarop goudvooruitsigte vanaf die laat vyftigerjare uiteindelik tot suksesvolle mynboubedrywighede op gedeeltes daarvan gelei het.²⁷

Vroeg in 2005 is 'n grondeis wat op 23 Desember 1998 op 'n gedeelte van Deelkraal ingedien is, in die Staatskoerant geplaas. Die grondeienaars (boere en Harmony Gold) is dienooreenkomstig verwittig. Die eis het behels dat die 48 jaar oue mnr. Dan David Modibedi namens die Deelkraalgemeenskap 'n eis ingedien het by die Pretoriase Streeksgrondeisekommissaris teen die Randfontein Estates Bpk. asook teen van die blanke boere/eienaars op gedeeltes van die plaas Deelkraal. Modibedi se motivering vir die eis het hoofsaaklik aangedui dat “we were forcibly removed from that area without any compensation. We want our land back”. As geadresseerde van Khutsong – die historiese swart “township” in die Carletonville munisipale gebied – het mnr. Modibedi die “ruins of their homes” en “graves” gepostuleer as redes om die bewysmateriaal vir hierdie gemeenskap se eis te staaf.²⁸

²⁵ Vergelyk byvoorbeeld Natalie Swanepoel, Amanda Esterhuysen & Phillip Bonner, *Five hundred years rediscovered. South African precedents and prospects*, Johannesburg, Wits University Press, 2008, Chapter 1; Norman Etherington, “A false emptiness: How historians may have been misled by early nineteenth century maps of South-Eastern Africa”, *Imago Mundi*, 56(1), pp. 67-86.

²⁶ E.S. van Eeden, “Die geskiedenis van die Gatsrand vanaf die vestiging van die Trekkergemeenskap omstreeks 1839 tot die proklamering van Carletonville in 1948”, MA-verhandeling, PU vir CHO, 1988, Hoofstuk 1.

²⁷ E.S. van Eeden, “Ekonomiese ontwikkeling en die invloed daarvan op Carletonville, 1948 – 1988: 'n Historiese studie”, PhD-proefskrif, PU vir CHO, 1992.

²⁸ Harmony Gold, Copy of the Land Claim Form, Mr D.D. Modibedi, 23 December 1998.

In wese is in hierdie grondeis aangevoer dat 'n groep mense die Deelkraal-grondgebied beset het lank voordat 'n blanke boerderygemeenskap hulself in hierdie gebied gevestig het. Dié aanname was nodig om ondersoek te word, en vir die huidige eisers sowel as die huidige grondbesitters was dit nodig om grondige verkenning te doen aangaande die verlede van Deelkraal waarvan die meeste se boorlingskap maar 'n halwe eeu en minder getel het.²⁹ Die versoek vir 'n grondige verkenning het op my tafel beland weens die feit dat ek teen 2005 alreeds vir meer as 17 jaar streeksnavorsing aangaande die geskiedenis van die groter omgewing van Deelkraal gedoen het.³⁰ Van die navorsingsversoeke was om

- i. die geskiedenis van Deelkraal so goed as moontlik te herroep uit die beskikbare bronne (gegewe hulle moontlike beperkinge soos vroeër uitgewys);
- ii. gegewens wat ten opsigte van die grondeis beskikbaar gestel is, binne die bestaande geskiedenis te analiseer;
- iii. afleidings te maak uit die beskikbare bewysmateriaal (insluitende die grondeisdokumentasie van die grondeisers).

Hierdie “navorsingshuwelik” was geen eenvoudige taak nie. Om die geskiedenis van die streek so noukeurig as moontlik na te vors en vanuit 'n verskeidenheid van bewysmateriaal te konstrueer, is 'n geleentheid wat enige historikus passievol sal aangryp. Om egter deurentyd besonder krities met alle bewysmateriaal om te gaan en voortdurend met elke stuk bewysmateriaal se “swakhede” binne bepaalde kontekste rekening te hou, is 'n grootse en verantwoordelike opdrag met eiesoortige uitdagings. Dit voel makliker om interpretatief-analiserend om te gaan met byvoorbeeld 'n streek se verlede (op 'n verre afstand) as om daarvan bewys te wees dat twee partye in die hede verwagtinge koester ten opsigte van 'n uitspraak na die een of ander kant waaraan moontlik nie of dikwels nie voldoen kan word nie. Allermens is die inherente etiek in Geskiedenis as dissipline (hopelik vir die meeste historici tans in die beroep) om die verlede so betroubaar en so multiperspektiwies as moontlik aan te bied.³¹ In watter mate die partye (Harmony Gold, die boere en die grondeisers) hierdie vertrekpunt in Geskiedenis as 'n dissipline verstaan en respekteer, is 'n gesprek vir 'n ander dag. Die eerste uitkoms ten opsigte van die drie versoeke soos vroeër vermeld, word hiervolgens toegelig as 'n gesprek om dié “huwelik” tussen Geskiedenis en grondeisnavorsing te verduidelik.

3.3 Beskikbare navorsing as historiese bewysmateriaal oor menslike sigbaarheid op Deelkraal

3.3.1 Argeologiese navorsing

Die bewysmateriaal wat vir die geskiedenis van Deelkraal nagevors is, strek van argeologiese bronne (wat swaar steun op mondelinge herinneringe) tot mondelinge gedagtes wat onder meer deur etnoloë versamel en gepubliseer is en wat gebaseer is op hul waarnemings en begrip van hoe “stamme” saamgestel is. Kaarte, plaasafbakeningsinligting en ander grondbesitdokumente is veral te vind in die Nasionale Argief. Plaaslike argiewe en museums akkommodeer soms ook 'n

²⁹ Vergelyk E.S. van Eeden, “Land reform in South Africa...”, *South African Historical Journal*, 57, May 2007.

³⁰ E.S. van Eeden, “Die geskiedenis van die Gatsrand...”.

³¹ P. Lambert & P. Schofield, *Making history. An introduction...*, pp. 26-37.

verskeidenheid van streeksgeskiedenisdokumentasie, insluitend toeligting oor graverings op ou grafstene. Sekondêre en ongepubliseerde bronne rakende die een of ander aspek van navorsing oor menslike sigbaarheid of vestiging in die gebied is ewe insiggewend, aangesien hierdie bronne as bewysmateriaal gewoonlik bykomende insigte bied vanweë intensiewe navorsing.³² In navorsing oor grondeienaarskap kan berigte of kennisgewings in veral eertydse koerante ook wysheid uitwys, maar die opsporing van inligting daaruit is besonder tydrowend (veral vervloë koerante sonder ’n inventaris of register) en ’n taak wat nie sonder meer aangepak word as primêre bronne meer toeligting veronderstel nie.

Argeologiese bronne aangaande die teenwoordigheid van menslike bedrywigheid op Deelkraalgrond in die Steentydperk³³ sowel as die Ystertydperk bestaan.³⁴ Die talle klipmuur-oorblyfsels wat steeds in die omgewing sigbaar is, dateer uit die agtiende en negentiende eeue.³⁵

Bovermelde waarnemings deur argeoloë bring die navorser by die navorsing van ’n eertydse staatsetnoloog, by name N.J. van Warmeloo, voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlogjare.³⁶ Van Warmeloo het die Sotho (wat as deel van die Suidelike Bantoe van Suid-Afrika bekend gestaan het en wat die Ndebele ingesluit het) in drie groepe verdeel, waaronder die Suidelike Sotho en die Westelike Sotho (Westelike Tswana). Laasgenoemde het die baKwena en die baHuruthse ingesluit.³⁷ Sover dit Van Warmeloo aangegaan het, was dit egter³⁸

...impossible to say which Sotho tribes first came to Southern Africa, and where they settled. Those events lie too far back in the past... some of the earliest tribes to go South, such as the Digoya³⁹ [Digôja or Lihoya]⁴⁰ no trace remains. The route the former took must have led them through the Western Transvaal⁴¹ or Bechuanaland, skirting the desert.

So moes R. Mason – ten spyte van intensiewe navorsing – tot die gevolgtrekking kom dat pogings “to relate specific ruins to specific groups such as the Fokeng, Ghoya or Hurutse has no foundation”.⁴² Hierdie verwysing deur Mason het waarskynlik betrekking op die welbekende hutgrotte in die Gatsrand (die plaas Deelkraal het deel van die voormalige Gatsrantwyk uitgemaak, met die Gatsrantriwwe naby sigbaar).

³² Van Eeden, “Die geskiedenis van die Gatsrand...”.

³³ Vergelyk Andrie Meyer, “Suid-Afrika se oerverlede”, Frans-Johan Pretorius (Red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, pp. 28-30.

³⁴ N. Swanepoel, A. Esterhuysen & P. Bonner, *Five hundred years rediscovered...*, Chapter 1.

³⁵ T.N. Huffman, H.D. van der Merwe & G. Kruger, “Archaeological Survey of the Mines Deelkraal and Doornfontein”, Archaeological Resources Management, Report, Archaeology Department, University of the Witwatersrand, 1994, pp. 1-3, 6-11.

³⁶ Kyk Nicolaas J. van Warmeloo in W.D. Hammond-Tooke (ed.), *The Bantu-speaking peoples of South Africa*, London, 1959, p. 76; N.J. van Warmeloo, *A preliminary survey of the Bantu tribes of South Africa*, Pretoria, 1935. Nie alle akademië in Geskiedenis en Argeologie deel dieselfde siening oor die waarde van Van Warmeloo se studies nie.

³⁷ T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, p. 10-11; N.J. van Warmeloo, *A preliminary survey...*; Peter Becker, *Path of blood*, London, 1962, p. 249.

³⁸ Van Warmeloo, *A preliminary survey...*, pp. 96, 103.

³⁹ Dit is onseker of Van Warmeloo eintlik verwys na die suidelike migrasie van die Legoya gedurende die dertiende tot veertiende eeue Kyk A. Anderson, in J. Walton, “Early Ghoya Settlement in the Orange Free State”, *Memoir 2*, Bloemfontein, 1965, pp. 13-14.

⁴⁰ Van Warmeloo in W.D. Hammond-Tooke (ed.), *The Bantu-speaking peoples of South Africa*, London, 1959, p. 76.

⁴¹ Kyk ook Thomas V. Bulpin, *Lost trails of the Transvaal*, Cape Town, 1969, p. 381.

⁴² Revil Mason, *Prehistory of the Transvaal: A record of human activity*, Johannesburg, 1969, p. 381.

Ander argeologiese studies wat as bykomende moontlikhede van spekulering kan dien, is onder meer dié van Kent Rasmussen en dan ook W.C. Scully. Die navorsing van Rasmussen, gebaseer op 'n mondelinge Afrika-bron, het hom gelei tot die gevolgtrekking dat die Ndebele van Mzilikazi iewers in die twintigerjare van die negentiende eeu aan die Vaal gewoon het.⁴³ So is die beweerde eerstehandse weergawe deur Scully voor 1909 opgeteken: “Madubangwe had joined Mzilikazi at the Vaal River. According to Madubangwe, Mzilikazi had built his ‘great place’ Ezinyosini (‘the place of the bees’, near the site of present Potchefstroom, i.e. on the Mooi River, about fifty miles west of the Suikerbosrand.”⁴⁴

Die Ndebele-veldtog teen die Ngwaketse is beskou as die mees afgeleë veldslag wat deur die Ndebele gedurende die besetting van die Vaal onderneem is.⁴⁵ Rasmussen bereken dat Mzilikazi die Vaal in die middel van 1827 verlaat het⁴⁶ en dat hy die Ngwaketse na die Kalahari verjaag het.⁴⁷ Gebaseer op hierdie bronne, sou gespekuleer kon word dat oorlog in afgeleë nedersettings plaasgevind het. Geeneen spesifiek is naby Deelkraal bevestig nie. So ook is die sigbaarheid van byvoorbeeld blankes op die plaas Deelkraal voor die negentiende eeu geensins ter sprake nie.

In soverre dit dus die langdurige teenwoordigheid van swart (en selfs blanke gemeenskappe) voor die 19e eeu betref wat die latere Deelkraalplaasgebied (IQ 142) “besit” het, kon geen argeologiese navorsing enige duidelik omskrewe nedersetting blootlê nie.⁴⁸

3.3.2 *Mondelinge en argivale bronne oor die middel-19e-eeuse blanke grondbesetting*

Blanke teenwoordigheid op Deelkraal word wel uit histories-argivale bronne verbind met 1836 – die eerste jare van die Groot Trek uit die Oos-Kaap.⁴⁹ Voight herroep van die eerste blanke migrasietrekkers wat deur die Gatsrand gereis het, se herinneringe van die groter Deelkraalomgewing (genaamd die Gatsrand), soos opgeteken in sekondêre bronne (en heel waarskynlik afgelei uit Dagboeke van Voortrekkerleiers):⁵⁰

Early in January 1837, the combined Commando under Maritz and Potgieter, consisting of one hundred and seven mounted farmers... guided the expeditionary force in a north-easterly direction through the ridges of the Gatsrand. Up to this point, not a single Native had been met. All the country seemed to be without inhabitants. All through the fertile and well-watered region of the Gatsrand, and further to the north, the Afrianders found large and extensive ruins of villages and Native kraals, as well as huge heaps of skeletons. Some of the caves north of the Gatsrand had evidently been obstinately defended. Here the vanquished Bakwana [BaKwena] had apparently made their last stand...

⁴³ R.Kent Rasmussen, *Migrant kingdom: Mzilikazi's Ndebele in South Africa*, Cape Town, 1978, pp. 46-47.

⁴⁴ Ibid, p. 48.

⁴⁵ Ibid, p. 50; Johan S. Bergh & A.P. Bergh, *Stamme en ryke*, Cape Town, 1984, pp. 27-28.

⁴⁶ R.K. Rasmussen, *Migrant kingdom...*, p. 57.

⁴⁷ J.S. Bergh & A.P. Bergh, *Stamme en ryke*, p. 29.

⁴⁸ Vergelyk R.H. Massie, *The Native tribes of the Transvaal*, London, 1905, p. 17; Breutz, *Stamme van die Distrik Ventersdorp*, pp. 103-105; Department of Native Affairs, Anon., *A short history of the Native tribes in the Transvaal*, 1905, pp. 1-67; Van Eeden, “Land Reform in South Africa...”, *South African Historical Journal*, 57, May 2007.

⁴⁹ Van Eeden, “Die geskiedenis van die Gatsrand...”, pp. 4-5; Nasionale Argiefbewaarderplek (NA), RAK 2433, Plaasrequestenregister, 1839-1851; Changuion & Steenkamp, *Omstrede land. Die historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse grondvraagstuk*, 1652 – 2011, pp. 55-89.

⁵⁰ Johan C. Voight, *Fifty years of history of the Republic of South Africa, 1795-1845*, Vol. 1, New York, 1969, pp. 320-321.

Volgens Van den Bergh het die Volksraad in Natal gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu vir blanke grondnedersetting in die Hoëveld gesorg: "... during the 1830s and 1840s for some period took care of activities of farm settlement". Andries Hendrik Potgieter, een van die eerste leiers van die "Groot Trek"-periode, wat homself in die gebied gevestig het, het 'n register vir plaasbesetting begin, terwyl magistraat Jacob de Klerk vir die Hoëveldstreek deur die "Natale Volksraad" aangestel is. Hy is onder andere die taak opgelê om die registrasie en toewysing van plase te bestuur.⁵¹ Volgens die Potgieter-register is die plaas Deelkraal in die Gatsrand deur mnr. J.H. du Plessis besit. De Klerk se register het 'n mnr. G.H. du Toit as die regmatige eienaar van Deelkraal genoem.⁵² Hierdie wyse van optekening skep verwarring. Die wyse van plaasverkryging eertyds verklaar egter die protokol van die tyd, naamlik die aanduiding van intensie om te koop en voornemende kopers wat oënskynlik bloot gelys is.⁵³

In 'n "Plaasrequestenregister" (plaasaansoekregister) in die Nasionale Argief wat uit 1839 dateer, is 'n versoek op 12 Oktober 1839 gerig vir die plaas "Uys zijn Deelkraal".⁵⁴ Al hierdie registers, ongeag die vraag oor wie se grond dit is, spekuleer dat grondbesit van Deelkraal teen die middel van die negentiende eeu deur blanke sigbaarheid oorheers is. Die vroegste beskikbare titelakte (Titelakte 996) oor Deelkraaleienaarskap dateer uit 1853, toe die regeringsinspekteur goedkeuring verleen het aan Petrus Johannes Geldenhuys om gedeeltes 2-56 te besit.⁵⁵

Een van die min argivale bronne wat beskikbaar is oor die status van mense se teenwoordigheid op Deelkraal, en gebaseer is op mondelinge indrukke, is dié van veldkornet T.P. Pretorius in 1856. Hy noem dat, ná die nedersetting van trekkers in die omgewing, vluggende Tswanas hulle dienste aan blankes gebied het in ruil vir beskerming teen die Ndebele. Ten spyte van die dienste wat sekere Tswanas aan blanke bewoners gelewer het, is in 1856 aangeteken dat die Veldkornet van die Gatsrand, Pretorius, nie in staat was om genoeg swart arbeid te vind om aan die behoeftes van die Gatsrandwyk se boere te voldoen nie.⁵⁶ Hieruit sou afgelei kon word (en verder in latere regeringstukke beklemtoon word) dat die wyk 'n skaarste aan arbeiders in die gebied beleef het tot en met die dae van goudmynbou-ontwikkeling in die 1930s.⁵⁷

Onlangse argeologiese bevindings het gespekuleer dat, ongeag die "tekorte" van daardie tyd, plaasarbeiders beslis in dele van die Deelkraalgebied gewoon het: "None of the house structures are associated with stone-walled kraals and so these houses seem to be associated with agricultural activities [waarskynlik op blanke plase?] rather than stock keeping."⁵⁸ By gebrek aan substansiële argivale bronne om die aannames verder te weeg, bring dit die navorser noodwendig uit by ander vorme van bewysmateriaal.

⁵¹ Gert van den Bergh, "Voortrekker plaasbesetting op die Transvaalse Hoëveld: 'n Versteurde Beeld", *South African Journal of Surveying and Mapping*, 20, 7 Desember 1990, p. 301.

⁵² Ibid, pp. 303-304.

⁵³ Vergelyk Peter Delius, *The land belongs to us*, p. 130.

⁵⁴ Nasionale argief, Registrateur van Aktes (TAB), Verwysing 243: Plaasrequestenregister, 1839-1851. Hierdie Register het sedertdien spoorloos verdwyn. Van Eeden, "Die geskiedenis van die Gatsrand... ", p. 23. Vergelyk ook Petrus J. van der Merwe, *Die Matebeles en die Voortrekkers*, Pretoria, 1986, p. 148; G.S. Preller, *Voortrekkermense III*, Cape Town, 1922, p. 91.

⁵⁵ Aktekantoor, Pretoria, Aktes van Transport, Verwysing IQ.

⁵⁶ NA, Pretoria, TAB, Potchefstroom Landdros, Verwysing 1: Korrespondensie, T.P. Pretorius/Landdros, 25 Augustus 1856.

⁵⁷ Vergelyk NA, Bantu Administration and Development (BAO), Ref. F73, A12/2/6/F7/3 (1976-1979), 22 March 1979.

⁵⁸ Huffman, Van der Merwe & Kruger, "Archaeological Survey of the Mines Deelkraal and Doornfontein", *Archaeological Resources Management, Report*, p. 5.

3.3.3 Sekondêre bronne en bewysmateriaal uit ander dissiplines

In grondeisnavorsing kan sensusinligting en ander bevolkingstatistiek ook lig werp op die getal bewoners in 'n streek. Volgens die 1904-sensus het die Westelike Afdeling van die Potchefstroomdistrik (waarvan die plaas Deelkraal toe deel uitgemaak het) 'n swart bevolking van 24 687 gehad.⁵⁹ 'n Sensusopname van die getal arbeiders in die Gatsrandwyk vir 1894 is die enigste wat in die Nasionale Argief opgespoor kon word. Daarin is aangedui dat swart arbeiders op blanke plase gehuisves is en koeie vir daaglikse gebruik toegelaat is. In hierdie tyd is Deelkraal se eienaarskap opgeteken as synde in vyf blanke boere se hande, wat 'n totaal van 17 swart mans as arbeiders aangestel het, 101 mense in totaal indien vroue en kinders getel word.⁶⁰

Ná die Oorlog van 1899–1902, nadat mynbou-ontwikkeling in die Gatsrand-wyk stelselmatig gevestig is, het mynbougroepe dit nodig gevind om werkers uit Suid-Afrika se buurlande in diens te neem, terwyl van 'n “plakkery” ook naby die plase Kraalkop en Wonderfontein,⁶¹ verder weg van Deelkraal, berig is. Met goudmynboubedrywighede as 'n werklikheid, is gedeeltes van Deelkraal deur wit boere aan die West Witwatersrand Areas Bpk. verkoop (aldus die titelaktegeskiedenis van die plaas Deelkraal). Daar is sprake van 'n eerste “streeks”-lokasie in die Gatsrandwyk in 1936 op die plaas Stinkhoutboom, noord van die huidige dorp Welverdiend, om ongeveer 10 000 mense te huisves.⁶² Geen konkrete inligting oor die moontlike bestaan van 'n buitengewone gemeenskap van swartmense op plase in die omstreke van Deelkraal gedurende hierdie tyd is gevind nie.

Oor die grondeisers se verdere beweerde “gedwonge verskuiwing” van Deelkraalinwoners na Itsoseng, Lichtenburg, is in argivale dokumente bevind dat na Itsoseng verwys is as 'n voorgestelde woongebied vir “the old aged”;⁶³ vir “poverty-stricken”-gesinne;⁶⁴ en vir “non-productive” en “old-aged and handicapped”-mense.⁶⁵ Teen 1969 is hoofsaaklik mense van Tswana-afkoms (1 181 gesinne) langs 187 Xhosa-, 156 Suid-Sotho- en 43 Noord-Sotho-gesinne in Itsoseng gehuisves.⁶⁶

Land- en streekskaarte van 'n gebied is 'n ander potensiele vorm van bewysmateriaal wat opgevolg kan word om die bestaan van enige groot nedersetting deur swartmense in die 19e en 20e eeue te verifieer. Dit blyk dat só 'n nedersetting teen 1904 of selfs in die 1970's, toe die Deelkraalgoudmyn verskillende stadiums van ontwikkeling binnegegaan het, nie bestaan het nie.⁶⁷ Lugfoto's wat in die 1960's geneem is, net voordat die Deelkraalgoudmyn in die vroeë sewentigs sy werksaamhede begin het, het nie tekens getoon van 'n gemeenskap van swartmense naby of op die mynbougebied of Deelkraal-boerderygebied nie.

⁵⁹ R.H. Massie, *Native tribes of the Transvaal*, pp. 12, 15.

⁶⁰ NA, Potchefstroom Landdros, TAB, Ref. 133, Diverse inkomende stukke van Naturellesake, 1859–1899, Sensus van Naturelle wonende in Wyk Gatsrand, 1894.

⁶¹ Vergelyk NA, Bantu Administration and Development (BAO), Ref. F73, A12/2/6/F7/3 (1976-1979), 22 March 1979.

⁶² NA, SAB, Naturellesake, Ref. 3874, no. 57/309: Township Welverdiend: Reservation of land, 27 November 1936.

⁶³ NA, BAO, G57/2/1381/1, Vol. 2, Ref. 10204, Bantoeorpe stigting en ontwikkeling. Itsoseng (Litchenburg), 1963-1970; 7583, Ref. T60/15/1381/1, Inspeksies en verslae Bantoeorpe Itsoseng, Litchenburg, 1964-1971.

⁶⁴ NA, KLI, 2/1/44, 18 September 1967.

⁶⁵ NA, HKW, (20)/10, 12 June 1968.

⁶⁶ NA, BAO, 7583, T60/15/1381/1, 1971.

⁶⁷ Vergelyk die verklarings van mnr Paul du Plessis (Boer op die plaas Kaalplaats naby Deelkraal en eertyds 'n eenaar van 'n gedeelte van 'n gedeelte van die plaas Deelkraal), 8 September 2005; Mnr Jan Wilkens (eertydse boer op 'n gehuurde deel van Deelkraal en teen 2005 nog 'n boer op die plaas Kaalplaats), 8 September 2005; Mnr Niek Prinsloo (Boer van Deelkraal sedert 1947), 20 September 2005.

Koerantbronne, ongeag die problematiek van geen besliste opspoor- of verwysingsmeganisme nie, kan waardevolle bewysmateriaal wees. Navorsing oor byvoorbeeld die periode 1964 (sedert die stigting van die *Carletonville Herald*-koerant) tot 1979 (as 'n moontlike periode waarin verwyderings na Itoseng soos vroeër genoem, sou kon plaasgevind het) het geen spesifieke nuusberig opgelewer wat met die plaas Deelkraal verband hou nie. Met die elektroniese beskikbaarheid van koerante vanaf die 1980's is 'n paar triviale koerantberigte oor gebeure wat met Deelkraal verband hou, gevind, maar geen van hulle het verwys na enige verwydering of selfs probleme tussen huurders en wit boere nie.⁶⁸

Laastens grafte as bewysmateriaal. Hierdie vorm van kennis het nie veel meer opgelewer as om bloot die teenwoordigheid van die “oorspronklike eienaars” te bevestig nie. In die lysie van grafstene wat deur die Suid-Afrikaanse Genealogiese Vereniging gehou word, sluit dit onder meer pionier boer P.J. Geldenhuys van Deelkraal in, en dié dateer so ver terug as 1866.⁶⁹

3.3.4 *Grondeis Deelkraal: Wat vertel die Geskiedenis van die Deelkraalgeskiedenis?*

Indien al die bewysmateriaal uit die geskiedenis van Deelkraal baie klinies opgeweeg word, is dit nie vreeslik moeilik om die uitkoms te voorspel in 'n saak oor die geldigheid van die grondeis nie. Hoe moet die 1998-eis wat deur die Modibedi-groep ten opsigte van gedeeltes van die plaas Deelkraal voorgelê is, beoordeel word? In wese bied die eis slegs verwysings wat op onlangse mondelingse getuienis en herinneringe staatmaak.⁷⁰ Eerder blyk dit dan inderdaad 'n geval te wees van sekondêre oorwegings wat in ag geneem moet word in die proses van grondeishantering in die algemeen in Suid-Afrika (Kyk Burke se opmerkings vroeër). Hierdie sekondêre oorwegings sou kon wees die ideologiese problematiek, vasgevang in tydgleuwe en generasies, wat 'n impak sou kon hê op prosesse van grondverdeling en grondbesit. Dit is byvoorbeeld so dat die negentiende-eeuse Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) binne 'n bepaalde grondwet bedryf is wat blanke grondbesetting bevoordeel het. 'n Benadering van werkgewer (blank) en werknemer (swart) was die reël, eerder as die uitsondering.⁷¹ Aan die ander kant het oorlog en versplinterings onder swart groepe ruimtes geskep vir nuwe migrasie- en vestigingspatrone onder blank en swart⁷² waarin dit kwalik wenslik is om tyd 150 tot 160 jaar terug te draai bloot ter wille van 'n eendimensionele benadering tot “reg en geregtigheid”. In hierdie opsig behoort die dissipline van Geskiedenis wel al die spreekwoordelike kaarte op die tafel te plaas, en selfs die benadering tot grond vanuit 'n globaal-historiese perspektief kontekstualiseer ter wille van kennis en vollediger begrip.

Om die hede dus te begryp, verg veel meer as net 'n kliniese terugskouing, al het dit verseker sy tyd en plek. Joernalis Burke het derhalwe na alle waarskynlikheid 'n geldige gedagte beet as hy dit stel dat die Geskiedenis slegs 'n gids kan wees in postkoloniale grondhervormingsprosesse.⁷³ Die Geskiedenis kan 'n bepaalde grondverlede lewensgetrou aanbied, maar uiteindelik is sosiale geregtigheid en welsyn dwingende behoeftes waaraan 'n regering moet voldoen om landgenote

⁶⁸ Vergelyk Van Eeden, “Ekonomiese Ontwikkeling”.

⁶⁹ NA, SAGS, Bloemfontein 25, Gravestones Deelkraal.

⁷⁰ Republic of South Africa, Commission of Restitution of Land Right, Land Claims Form, D Modibedi, 23 December 2012.

⁷¹ Vergelyk Changuion & Steenkamp, *Omstrede land...*, pp. 63-65.

⁷² Vergelyk Jackie Grobler, “Staatsvorming en stryd, 1850 – 1900”, Frans-Johan Pretorius (Red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, pp. 154-165.

⁷³ T. Burke, “Postcolonial land reform”, *History News Network*, 27 August 2004. Beskikbaar by www.google.co.za. Geraadpleeg op 24 April 2006.

binne 'n nuwe bestel gelukkig te hou (bykomende waardes van gelyke beregtiging, onder meer gesetel in menseregte en volhoubaarheid, is eietydse vereistes). Dan steeds kan en behoort teruggekyk te word, en met eerbaarheid onderhandel en vorentoe gekyk te word. Die vorentoe kyk ter wille van hervorming moet nie só gedoen word dat dit die Geskiedenis en die land se grondgeskiedenis ignoreer, degradeer, eensydig beskou of verfoei nie. As prosesse in grondeise die beste uit alle partye wil haal, moet die verlede met sy tydsgebonde swak en/of goeie beginsels erken word om byvoorbeeld die grondhervormingsbeleid vanuit 'n gesonde en gebalanseerde vertrekpunt toe te pas.

Met die “kliniese” geskiedenis van Deelkraal sedert 2007 ter hand, het Harmony Gold byvoorbeeld kon kies om die eiserparty in ag te neem, en 'n meer versoenende weg te volg ter wille van grondhervormingsbeleid en groter gemeenskapsbehoefes.⁷⁴ Ook boere op gedeeltes 10, 11, 22 en 58 van die plaas Deelkraal was teen 2012 steeds aan grondeise op gedeeltes van die plaas blootgestel, ongeag die reeds neergepende geskiedenis as geldige vertrekpunt voor moontlik versoenende onderhandelinge. 'n Beraadslaging ten opsigte van die vergoedingsbedrag was egter die vernaamste en klaarblyklik enigste faktor vir skikkings oor grond, wat ook gedraal het.⁷⁵ Die boere het hulle op die geskiedenis van Deelkraal beroep, terwyl die Grondeisekommissie hom oënskynlik nie veel aan die geskiedenis wou steur nie, en wat ook al histories deur die kommissie op die tafel geplaas kon word, is ook nie gedeel nie (of was nie daar nie). Gevolglik was daar tot en met Junie 2012 min sprake van prosesse van versoening, geregtigheid en 'n gerigtheid op voortuitgang tot voordeel van alle partye.

4. SAMEVATTING

In hierdie artikel is in hoofsaak 'n oop gesprek gevoer oor die mate waartoe daar 'n “huwelik” sou kon wees tussen geskiedenis as wetenskap en grondeisenavorsing, binne die behoefte van die huidige regering se grondhervormingsideale. Die plaas Deelkraal, waarop gedeeltes in 1998 aan 'n grondeis onderwerp is, is as 'n voorbeeld gebruik om vas te stel op watter manier en by wyse van watter vorme van bewysmateriaal historici 'n bydrae kan maak om die grondgeskiedenis van Suid-Afrika aan te bied as 'n vertrekpunt in die begrip vir grondeise en die hantering daarvan. Dit kom egter voor asof slegs mondelinge oorlewering as bewysmateriaal die basis van die Deelkraaleis gevorm het en dat 'n omvattende verkenning van gedokumenteerde bronne ter wille van verifiëring of omvattende historiese insigte nie noodwendig 'n prioriteit by die regering of die grondeisers was/is nie.

Uiteraard is dit van groot belang dat grondhervorming in Suid-Afrika ongeregthede van die verlede op 'n eerbare en billike wyse moet hanteer. Grondhervorming beskik egter ook oor die bestanddele om vir politiese gewin uitgebuit te word. Bernstein stel dit as “interests groups seeking to draw attention to their specific causes by linking them to the much wider interest in ‘the land’ ...”⁷⁶

⁷⁴ Afleidings gemaak uit die e-pos terugvoer van die Harmony Gold werknemer Mnr Pheelo Dikane, 16 Junie 2012 en 1 Oktober 2012.

⁷⁵ Persoonlike bronneversameling, D Matthee (Prokureur Fochville), Korrespondensie, Matthee Attorneys/Commissioner of Restitution of Land Rights, 20 February 2011; The Office of the Official Land Claims Commissioner (Rural Development and Land Reform/Matthee Attorneys, 8 February 2011; The Office of the Official Land Claims Commissioner/Matthee Attorneys, 15 June 2011.

⁷⁶ Bernstein (Series Editor), “Land Reform in South Africa. A 21st century perspective”, CDE Research, *Policy in the making*, 14 June 2005, p. 5.

Ná ses jaar is 'n grondeiseverslag vir Deelkraal voltooi (7 Maart 2004)⁷⁷ wat nie met die grondeienaars gedeel is nie. Gebaseer op hierdie verslag,⁷⁸ word die geskiedenis van die omgewing kwalik in ag geneem of erken al is dit net om vanuit 'n eties-versoenende vertrekpunt die geskiedenis te erken en progressief na oplossings binne 'n postkoloniale bedeling te soek.⁷⁹ Eerder het die regering bloot Kennisgewing 756 van 2005 (Verwysingsnommer 017), distrik Oberholzer uitgevaardig, wat geskoei is op Mnr Modibedi en eisers se bewerings en deur die regering erken is, en waarin gedeeltes van die plaas Deelkraal betwis is.⁸⁰ Ná meer as 10 jaar sedert die grondeis op gedeeltes van Deelkraal bestel is, is die tree wat gevorder is, egter ook min. Die Matthee Prokureursfirma op Fochville, wat namens sommige grondeienaars optree, deel frustrasies:⁸¹

Dit is nie regverdig dat die staat 'n eis in 1998 ingestel, in 2005 afkondig..., en nou 7 jaar later nog steeds geen verdere stappe, waarvan ons weet, neem om dit te finaliseer nie. Intussen word die grond “gesteriliseer” en eienaars kan dit nie regtig ontwikkel nie.

Die bestaande grondgeskiedenis van Deelkraal blyk nie op die tafel te wees vir kennisname of om enigsins 'n bydraende rol te speel om grond op 'n eerbare wyse tot 'n transaksie tot voordeel van alle partye te lei nie.

BIBLIOGRAFIE

- Aktekantoor. Aktes van Transport, Verwysing IQ. Pretoria.
- Anderson, A. 1965. In Walton, J. Early Ghoja Settlement in the Orange Free State. *Memoir 2*. Bloemfontein.
- Becker, P. 1962. *Path of Blood*. London: Longmans.
- Bergh, J.S. & Bergh, A.P. 1984. *Stamme en Ryke*. Kaapstad: Nelson.
- De Villiers, B. 2003. *Land Reform*. Johannesburg: Paarl Print.
- Bernstein, A. 2005. Land Reform in South Africa. A 21st century perspective. *Centre for Development and Enterprise, CDE Research, Policy in the Making*.
- Bernstein, H. 2008. “Social change in the South African countryside? Land and production, poverty and power”, *Journal of Peasant Studies*: 1-32.
- Bester, S.J. & Van Eeden, E.S. 1999. Grondregte in die proses van dorpsontwikkeling vir swartes in die Schweizer-Reneke gebied tot 1962. *Historia*, 44(2): 409-423.
- Breutz, P. 1954. *Stamme van die Distrik Ventersdorp*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Brits, J. 2012. In Pretorius, F-J. (Red.), Suid-Afrika ná apartheid, 1994–2004. *Geskiedenis van Suid-Afrika – van Voortye tot Vandag*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Bulpin, T.V. 1969. *Lost Trails of the Transvaal*. Cape Town: Books of Africa.
- Burke, T. 2004. Postcolonial Land Reform. *History News Network*. www.google.co.za [24 April 2006].
- Carruthers, J. 2000. Urban Land Claims in South Africa: The Case of Lady Selborne, *Kleio*, 32:13-41.
- Changuion, L. & Steenkamp, B. 2011. *Omstrede land. Die historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse grondvraagstuk, 1652–2011*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Claxton, H. 2003. “Land and liberation: Lessons for the creation of effective land reform policy in South Africa”, *Michigan Journal of Race and Law*, Spring: 530-552.

⁷⁷ Dit word aanvaar dat hierdie verslag die enigste is wat bestel was op gedeeltes van die plaas Deelkraal deur die Grondeisekommissaris. Dit is bekend dat alle diensverskaffers en/of grondeise-konsultante grondeise-ondersoeke en verslae voor 2004 moes afhandel.

⁷⁸ Kyk Republic of South Africa, RLCC, Research Report, Ref. AH 017, Maart 2004.

⁷⁹ Kyk die gedagtes van internasionale akademici soos vervat in Hasani Claxton, “Land and liberation: Lessons for the creation of effective land reform policy in South Africa”, *Michigan Journal of Race and Law*, Spring 2003, pp. 530-552.

⁸⁰ Republic of South Africa, Government Gazette 27599, Notice 756, 2005, 24.

⁸¹ Elektroniese Pos: Korrespondensie, Matthee Prokureurs/ES van Eeden, 19 Junie 2012.

- Davenport, T.R.H. 1991. *South Africa: A Modern History*. London: Macmillan.
- Delius, P. 1984. *The Land Belongs to Us*. London: Heinemann.
- Delius, P. & Schirmer, S. 2000. Historical Research and Policy Making in South Africa. *African Studies*, 59:1. www.google.com [24 April 2006].
- Department of Land Affairs (Republic of South Africa). 2003–2004. *Annual Report*.
- Department of Land Affairs (Republic of South Africa). 2005. Draft 3, Framework on Sustainability Support.
- Department of Land Affairs and Department of Agriculture (Republic of South Africa). 2005. Delivery of Land and Agrarian Reform. *Land Summit*.
- Department of Native Affairs. 1905. Anon., A Short History of the Native Tribes in the Transvaal.
- De Villiers, B. 2003. Land Reform: Issues and challenges. *Occasional Papers*. Johannesburg: Konrad Adenauer Foundation.
- Didiza, T. 2005-2006. South African Government Information. *Agriculture and Land Affairs Dept. Budget vote*, 1-10. <http://www.info.gov.za/speeches/2005/05040809151> [7 April 2005].
- Du Plessis, P. 2005. Farmer adjacent to Deelkraal on Kaalplaats and formerly a farmer on a portion of a portion on Deelkraal [Mondelinge herinneringe/ onderhoud met E.S. van Eeden].
- Du Pisani, J.A. 2011. Grond en transformasie: Historiese konteks en oorsig van die proses van grondhervorming, 1994–2010, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(2): 178-201.
- Duvenhage, H. 2006. Min is Begroot vir dié Kwessies rakende Grond. *Sake-Rapport*.
- Elektroniese Pos: Korrespondensie, Matthee Prokureurs/ES van Eeden. 2012.
- Etherington, N. A. False Emptiness: How Historians may have been Misled by Early Nineteenth century maps of South-Eastern Africa. *Imago Mundi*, 56(1):67-86.
- Grobler, J. In Pretorius F.-J. (Red.). Staatsvorming en Stryd, 1850–1900. *Geskiedenis van Suid-Afrika – van Voortye tot Vandag*. Kaapstad: Tafelberg.
- Government Gazette 27599 (Republic of South Africa). 2005. Notice 756, 24.
- Harmony Gold. 1998. Copy of the Land Claim Form, Mr D.D. Modibedi.
- Huggins, C. & Pottier, J. Land Tenure, Land Reform a Conflict in Sub-Saharan Africa: Towards a Research Agenda. www.google.co.za [24 April 2006].
- James, D. 2007. *Gaining Ground? 'Rights' and 'Property' in South African Land Reform*. USA & Canada: Routledge.
- Lambert, P. & Schofield, P. 2004. *Making History. An Introduction to the History and Practises of a Discipline*. London & New York: Routledge.
- Matthee, D (Prokureur Fochville). 2011. Persoonlike bronneversameling. Korrespondensie, Matthee Attorneys/Commissioner of Restitution of Land Rights.
- Mason, R. 1962. *Prehistory of the Transvaal: A Record of Human Activity*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Massie, R.H. (on behalf of the Transvaal Dept. of Native Affairs) 1905. *The Native Tribes of the Transvaal*. London: Government Printer.
- Meyer, A. In Pretorius, F.-J., (Red.). Suid-Afrika se oerverlede. *Geskiedenis van Suid-Afrika – van Voortye tot Vandag*. Kaapstad: Tafelberg.
- Modibedi, D. 2012. Commission of Restitution of Land Right, Land Claims Form (Republic of South Africa).
- NA, Bantu Administration and Development (BAO). 1979. Ref. F73, A12/2/6/F7/3 (1976-1979).
- NA, Bantu Administration and Development (BAO), 1979. Ref. F73, A12/2/6/F7/3 (1976-1979).
- NA, BAO, G57/2/1381/1. 1963-1970. Bantoeorpe stigting en ontwikkeling. Itsoseng (Litchenburg), Vol. 2, Ref. 10204; 7583, Inspeksies en verslae Bantoeorpe Itsoseng, Litchenburg, Ref. T60/15/1381/1.
- NA, HKW, (20)/10. 1968.
- NA, KLI, 2/1/44. 1967.
- NA, SAB, Naturellesake. 1936. Township Welverdiend: Reservation of land, Ref. 3874, no. 57/309.
- NA, SAGS. Gravestones Deelkraal. Bloemfontein 25.
- NA, Potchefstroom Landdros, TAB. 1894. *Diverse Inkomende Stukke van Naturellesake, 1859–1899*, Ref. 133. Sensus van Naturelle wonende in Wyk Gatsrand.
- Nasionale Argief. 1839-1851. *Registrateur van Aktes (TAB), Verwysing 243: Plaasrequestenregister*.
- Nasionale Argief. 1856. TAB, Potchefstroom Landdros, Verwysing 1: Korrespondensie. Pretoria: T.P. Pretorius/Landdros.

- Platzky, L. & Walker, C. 1985. *The Surplus People: Forced Removals in South Africa*. Johannesburg: Ravan Press.
- Preller, G.S. 1922. *Voortrekermense III*. Cape Town: Nasionale Pers.
- Prinsloo, N. 2005. Farmer, Deelkraal since 1947 [Mondelinge herinneringe/ onderhoud met E.S. van Eeden].
- Ramutsindela, MF. 2001. Down the Post-colonial road: Reconstructing the post-apartheid State in South Africa, *Political Geography*, 20(1):57-84.
- Rasmussen, R.K. 1978. *Migrant Kingdom: Mzilikazi's Ndebele in South Africa*. Cape Town: Collings.
- Republic of South Africa. 2004. RLCC, Research Report. Ref. AH 017.
- Robertson, S., Kirsten & Archaeological Resources Management. 1993. Archaeological Survey of the Mines Deelkraal and Doornfontein. *Report*.
- Rossouw, J. 2008. South Africa not yet Post-colonial, *SAHO*.
- Samasuwo, N.W. 2004. Gentrification. Foreign Land-Ownership and Market-Led Land Reforms in South Africa. *Global Insight*, 38:1.
- Samasuwo, N.W. 2004. Gentrification: 1. Programme for Land and Agrarian Studies, Submission Report to Portfolio Committee. University of the Western Cape: School of Government.
- Swanepoel, N., Esterhuysen, A. & Bonner, P. 2008. Five Hundred Years Rediscovered. *South African Precedents and Prospects*. Johannesburg: Wits University Press. Chapter 1.
- The Office of the Official Land Claims Commissioner. 2011. Rural Development and Land Reform/Matthee Attorneys.
- The Office of the Official Land Claims Commissioner/Matthee Attorneys. 2011.
- Van den Bergh, G. 1990. Voortrekker Plaasbesetting op die Transvaalse Hoëveld: 'n Versteurde Beeld. *South African Journal of Surveying and Mapping*, 20:301.
- Van der Elst, H.J. 2006. A Management Model for Achieving Post-Settlement Land Reform Objectives in South Africa. PhD thesis: North-West University.
- Van der Merwe, P.J. (in die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis) 1986. *Die Matebeles en die Voortrekkers*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Van Eeden, E S. 1988. Die geskiedenis van die Gatsrand vanaf die vestiging van die Trekkergemeenskap omstreeks 1839 tot die proklamering van Carletonville in 1948. MA-verhandeling: PU vir CHO. Hoofstuk 1.
- Van Eeden, E S. 1992. Ekonomiese ontwikkeling en die invloed daarvan op Carletonville, 1948–1988: 'n Historiese studie. PhD-proefskrif: PU vir CHO.
- Van Eeden, E S. 2007. Land Reform in South Africa: Questions and politics with regard to land claims as officially proposed: A case study of the farm Deelkraal IQ142, North West Province. *South African Historical Journal*, 57:179-200.
- Van Warmeloo, N.J. 1935. *A Preliminary Survey of the Bantu Tribes to South Africa*. Pretoria: Government Printer.
- Van Warmeloo, N.J. 1959. In Hammond-Tooke, W.D. (ed.). *The Bantu-Speaking Peoples of South Africa*. London: Routledge&Kegan.
- Van Zyl, J., Kirsten, J. & Binswanger, HP. 1996. *Agricultural land reform in South Africa: policies, markets and mechanisms*. UK: Oxford University Press.
- Voight, J.C. 1969. *Fifty Years of History of the Republic of South Africa, 1795-1845*. New York, 1:320-321.
- Walker, C, Bohlin, A & Hall, R (eds). 2010. *Land, Memory, Reconstruction, and Justice: Perspectives on Land*. Ohio: Ohio University Press.
- Wilkens, J. 2005. Former farmer on a hired portion of Deelkraal and currently farming on the farm Kaalplaats [Mondelinge herinneringe/onderhoud met E.S. van Eeden].